3. In die geval van iedere W.F.T.B.-tender, moet die tenderaar 'n deposito van R4 stort alvorens hy van die tenderdokumente voorsien sal word. Sodanige deposito moet in kontantgeld wees, 'n tjek deur die bank geparafieer of 'n departementele legorderkwitansie (R10). Genoemde depositobedrag sal terugbetaal word as 'n bona fide-inskrywing van die tenderaar ontvang word of as die tenderdokumente, met inbegrip van planne, spesifikasies en hoeveelheidslyste, binne 14 dae na die sluitingsdatum van die tender deur die tenderaar teruggestuur word na die betrokke adres in opmerking 1 hierbo aangetoon.

4. Alle tenders moet op die amptelike tendervorms van die Administrasie voorgelê word.

5. Iedere inskrywing moet in 'n afsonderlike verseëde koevert ingedien word, geadresseer aan die Voorsitter, Die Transvaalse Provinsiale Tenderraad, Posbus 1040, Pretoria, en moet duidelik van 'n opskrif voorsien wees ten einde die tenderaar se naam en adres aan te toon asook die nommer, beskrywing en sluitingsdatum van die tender. Inskrywings moet teen 11 vm. op die sluitingsdatum hierbo aangetoon, in die Voorsitter se hande wees.

6. Indien inskrywings per hand ingedien word, moet hulle teen 11 vm. op die sluitingsdatum in die Formele Tenderbus geplaas wees by die navraagkantoor in die voorportaal van die nuwe Provinsiale Gebou, by die hoofingang aan Pretoriusstraat se kant (naby die hoek van Bosmanstraat), Pretoria.

POUND SALES.

Unless previously released, the animals described hereunder will be sold as indicated.

Persons desiring to make inquiries respecting the animals described hereunder, in the case of animals in municipal pounds, should address the Town Clerk; for those in district pounds, the Magistrate of the district concerned.

BLOEMHOF Municipal Pound, on the 20th October, 1965, at 11 a.m.—1 Bull, Jersey, 2½ years, left ear swallowtail, right ear square in front; 1 ox, Jersey, 2 years, both ears swallowtail; 1 heifer, Jersey, 2 years, left ear swallowtail, cut mark behind; 1 heifer, Jersey, 2 years, left ear cropped, right ear swallowtail with half-moon behind.

BRAKPAN Municipal Pound, on the 16th October, 1965, at 9 a.m.—1 Horse, mare, 7 years, black.

DOORNFONTEIN Pound, District of Potgietersrus, on the 27th October, 1965, at 11 a.m.—1 Cow, Africander, 6 years, red, left ear cropped; 1 bull, Africander, 2 years, red, right ear cropped; 1 cow, 5 years, black, right ear cropped; 1 cow, 6 years, red and white, right ear cropped; 1 heifer, Africander, 2 years, red, right ear cropped; 1 ox, Africander, 6 years, red, both ears cropped.

GERMISTON Municipal Pound, on the 18th October, 1965, at 10 a.m.—1 Horse, mare, 2½ years, bluish-grey; 1 horse, stallion, 10 years, brown.

KRUISFONTEIN Pound, District of Pretoria, on the 3rd November, 1965, at 11 a.m.—1 Cow, 6 years, red, branded T55, left ear cropped; 1 ox, 3 years, red, left ear cropped; 1 cow, 6 years, red, right ear lily-mark; 1 cow, 6 years, black and white, right ear swallowtail; 1 heifer, 2 years, black and white; 1 cow, 5 years, red, left ear cropped; 1 cow, 6 years, red, branded AH1, left ear square; 1 heifer, 3 years, red, branded T55; 1 heifer, 3 years, red branded T55, right ear cropped; 1 bull-calf, 1 year, red; 1 ox, 7 years, red, right ear cropped; 1 ox, 6 years, red, left ear swallowtail; 1 bull, 3 years, red, left ear swallowtail; 1 bull, 3 years, black, left ear swallowtail.

LITH Pound, District of Waterberg, on the 3rd November, 1965, at 11 a.m.—1 Cow, 9 years, red and white, branded T4S; 1 heifer, 15 months, red, left ear slit; 1 cow, 4 years, brown, branded WM8; 1 heifer, 3 years, black and brown, branded T4S; 1 ox, 5 years, red, right ear teethmarks.

POTGIETERSRUS Municipal Pound, on the 22nd October, 1965, at 10 a.m.—1 Cow, 5 years, red, right ear swallowtail, left ear yoke-key mark; 1 cow, 3 years, red, right ear swallowtail, left ear cropped; 1 heifer, 1 year, red.

ROODEPOORT Municipal Pound, on the 23rd October, 1965, at 10 a.m.—1 Horse, mare, 4 years, brown.

STANDERTON Municipal Pound, on the 15th October, 1965, at 10 a.m.—1 Bull-calf, 1 year, brown.

WOLMARANSSTAD Municipal Pound, on the 15th October, 1965, at 2 p.m.—1 Cow, Jersey, 7 years, both ears square; 1 heifer, Jersey, 1 year, both ears half-moon in front; 1 cow, Jersey, 4 years; 1 ox, Frisian, 3 years, right ear cropped, left ear slit.

SKUTVERKOPINGS.

Tensy voor die tyd gelos, sal die diere hieronder beskryf, verkoop word soos aangedui.

Persones wat navraag wens te doen aangaande die hieronder omskrewe diere moet, in die geval van diere in munisipale skutte, die Stadsklerk nader, en wat diere in distrikskutte betref, die betrokke Landdros.

BLOEMHOFSE Munisipale Skut, op 20 Oktober 1965, om 11 vm.—1 Bul, Jersey, 2½ jaar, linkeroor swaelstert, regteroor winkelhaak voor; 1 os, Jersey, 2 jaar, albei ore swaelstert; 1 vers, Jersey, 2 jaar, linkeroor swaelstert, sny van agter; 1 vers, Jersey, 2 jaar, linkeroor stomp, regteroor swaelstert met halfmaan van agter.

BRAKPANSE Munisipale Skut, op 16 Oktober 1965, om 9 vm.—1 Perd, merrie, 7 jaar, swart.

DOORNFONTEIN Skut, Distrik Potgietersrus, op 27 Oktober 1965, om 11 vm.—1 Koei, Afrikaner, 6 jaar, rooi, linkeroor stomp; 1 bul, Afrikaner, 2 jaar, rooi, regteroor stomp; 1 koei, 5 jaar, swart, regteroor stomp; 1 Koei, 6 jaar, rooi en wit, regteroor stomp; 1 vers, Afrikaner, 2 jaar, rooi, regteroor stomp; 1 os, Afrikaner, 6 jaar, rooi, albei ore stomp.

GERMISTONSE Munisipale Skut, op 18 Oktober, 1965, om 10 vm.—1 Perd, merrie, 2½ jaar, blou; 1 perd, hings, 10 jaar, bruin.

KRUISFONTEIN Skut, Distrik Pretoria, op 3 November 1965, om 11 vm.—1 Koei, 6 jaar, rooi, brandmerk TS 5, linkeroor stomp; 1 os, 3 jaar, rooi, linkeroor stomp; 1 koei, 6 jaar, rooi, regteroor leliemerk; 1

koei, 6 jaar, swart en wit, regteroor swaelstert; 1 vers, 2 jaar, swart en wit; 1 koei, 5 jaar, rooi, linkeroor stomp; 1 koei, 6 jaar, rooi, brandmerk AH1, linkeroor winkelhaak; 1 vers, 3 jaar, rooi, brandmerk T55; 1 vers, 3 jaar, rooi, brandmerk T55, regteroor stomp; 1 bul, 1 jaar, rooi; 1 os, 7 jaar, rooi, regteroor stomp; 1 os, 6 jaar, rooi, linkeroor swaelstert; 1 bul, 3 jaar, rooi, linkeroor swaelstert; 1 bul, 3 jaar, swart, linkeroor swaelstert.

LITH Skut, Distrik Waterberg, op 3 November 1965, om 11 vm.—1 Koei, 9 jaar, rooi en wit, brandmerk T4S; 1 vers, 15 maande, rooi, linkeroor slip; 1 koei, 4 jaar, bruin, brandmerk WM8; 1 vers, 3 jaar, swart en bruin, brandmerk T4S; 1 os, 5 jaar, rooi, regteroor tandmerke.

POTGIETERSRUSSE Munisipale Skut, op 22 Oktober 1965, om 10 vm.—1 Koei, 5 jaar, rooi, regteroor swaelstert, linkeroor jukskeimark; 1 koei, 3 jaar, rooi, regteroor swaelstert, linkeroor stomp; 1 vers, 1 jaar, rooi.

ROODEPOORTSE Munisipale Skut, op 23 Oktober 1965, om 10 vm.—1 Perd, merrie, 4 jaar, bruin.

STANDERTONSE Munisipale Skut, op 15 Oktober 1965, om 10 vm.—1 Bulkalf, 1 jaar, bruin.

WOLMARANSSTADSE Munisipale Skut, op 15 Oktober 1965, om 2 nm.—1 Koei, Jersey, 7 jaar, albei ore winkelhaak; 1 vers, Jersey, 1 jaar, albei ore halfmaan van voor; 1 koei, Jersey, 4 jaar; 1 os, Fries, 3 jaar, regteroor stomp, linkeroor slip.

VILLAGE COUNCIL OF COLIGNY.

AMENDMENT OF BY-LAWS.

It is hereby notified, in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Village Council proposes to amend its Sanitary and Refuse Removal's Tariff as follows:—

- (a) By the deletion and substitution of words.
- (b) To revise the tariff for rubbish removals.

Copies of the proposed amendments are open for inspection at the Council's Offices during a period of 21 days from date of publication hereof.

H. A. LAMBRECHTS,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 31,
Coligny, 27th September, 1965.
(Notice No. 28/65.)

DORPSRAAD VAN COLIGNY.

WYSIGING VAN VERORDENINGE.

Daar word, ingevolge die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekendgemaak dat die Dorpsraad van voorneme is om sy Sanitêre- en Vullisverwyderingstarief soos volg te wysig:—

- (a) Deur die skraping en toevoeging van woorde.
- (b) Deur die tarief vir vuilgoedverwyderings te hersien.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings lê ter insae by die Raad se kantoor vir 'n tydperk van 21 dae met ingang van die datum van publikasie hiervan.

H. A. LAMBRECHTS,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Posbus 31,

Coligny, 27 September 1965.

(Kennisgewing No. 28/65.) 859—6

MUNICIPALITY OF ROODEPOORT.

DRAFT TOWN-PLANNING SCHEMES
Nos. 1/36, 1/42 AND 1/43.

It is notified for general information in terms of the regulations framed under the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, as amended, that it is the intention of the Town Council of Roodepoort to adopt the above-mentioned draft schemes which will amend Town-planning Scheme No. 1 of 1946, by the rezoning of the use to which the undermentioned erven may be put, subject to certain conditions:—

Scheme No. 1/36.

1. Remaining extent of Lot No. 118, Florida Township, from "Special Residential" to "General Residential".
2. Lot No. 69, Florida Township, for road purposes.
3. Erf No. 166, Delarey Township, from "Special Residential" to "General Business".
4. Lot No. 174, Florida Township, from "Special Residential" to "General Residential".

Scheme No. 1/42.

1. Stands Nos. 257 and 1726, Roodepoort Township, from "General Residential" to "General Business".
2. Stand No. 447, Roodepoort Township, from "General Residential" to "General Business".
3. Lot No. R.E./189, Florida Township, from "General Residential" to "General Business".
4. Stand No. 115, Delarey Township, from "Special Residential" to "General Residential".
5. Portion 1 of Erf 233, Florida Extension Township from "Existing Open Space" to "Special Residential" with a density of one dwelling per 8,000 sq. ft.

Scheme No. 1/43.

By making proviso's (i) and (ii) after clause 22, Table E, applicable to Stand No. 569, Florida Park, subject to a maximum height of four storeys.

Particulars of the Draft Schemes and Maps No. 1 are open for inspection at the Office of the Town Engineer, Town Hall, Roodepoort, for a period of six weeks from 6th October, 1965.

Every owner or occupier of immovable property situate within the areas to which the schemes apply, has the right to submit objections or representations in regard thereto, in writing, to the undersigned. Such objections or representations must clearly indicate the grounds on which they are made and will be received up to 17th November, 1965.

C. J. JOUBERT,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Roodepoort, 6th October, 1965.

(M.N. No. 93/65.)

MUNISIPALITEIT ROODEPOORT.

ONTWERP-DORPSAANLEGSKEMAS
Nos. 1/36, 1/42 EN 1/43.

Kennisgewing geskied ter algemene inligting ingevolge die regulasies opgestel kragtens die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, soos gewysig, dat die Stadsraad van Roodepoort voornemens is om die bogenoemde ontwerp-skemas te aanvaar wat Dorpsaanleg-skema No. 1 van 1946 sal wysig deur die herindelings van die gebuik waarvoor ondergenoemde erwe aangewend kan word, onderworpe aan sekere voorwaardes:—

Skema No. 1/36.

1. Resterende gedeelte van Erf No. 118, Dorp Florida, van „Spesiale Woonstreek” na „Algemene Woonstreek”.
2. Erf No. 69, Dorp Florida, vir pad-doeleindes.
3. Erf No. 166, Dorp Delarey, van „Spesiale Woonstreek” na „Algemene Besigheid”.
4. Erf No. 174, Dorp Florida, van „Spesiale Woonstreek” na „Algemene Woonstreek”.

Skema No. 1/42.

1. Erwe Nos. 257 en 1726, Dorp Roodepoort, van „Algemene Woonstreek” na „Algemene Besigheid”.
2. Erf No. 447, Dorp Roodepoort, van „Algemene Woonstreek” na „Algemene Besigheid”.
3. Erf No. R.G./189, Dorp Florida, van „Algemene Woonstreek” na „Algemene Besigheid”.
4. Erf No. 115, Dorp Delarey, van „Spesiale Woonstreek” na „Algemene Woonstreek”.
5. Gedeelte 1 van Erf No. 233, Dorp Florida Uitbreiding, van „Bestaande Oop Ruimte” na „Spesiale Woonstreek” met 'n digtheid van een woning per 8,000 vk. vt.

Skema No. 1/43.

Deur voorbehoudsbepalings (i) en (ii) na klausule 22, Tabel E, op Erf No. 569, Dorp Florida Park, van toepassing te maak, onderworpe aan 'n maksimum hoogte van vier verdiepinge.

Besonderhede van die ontwerp-skemas en Kaarte No. 1 is vir 'n tydperk van ses weke vanaf 6 Oktober 1965 ter insae by die kantoor van die Stadsingenieur, Stadhuis, Roodepoort.

Elke eienaar of bewoner van vaste eiendom geleë binne die gebiede waarop die skemas van toepassing is, het die reg om beswaar of vertoë in verband daarmee skriftelik aan die ondergetekende te rig. Sodanige beswaar of vertoë moet duidelik aantoon op grond waarvan dit geraak word en sal tot 17 November 1965 ontvang word.

C. J. JOUBERT,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Roodepoort, 6 Oktober 1965.

(M.K. No. 93/65.) 860—6-13-20

CITY COUNCIL OF PRETORIA.

DRAFT TOWN-PLANNING SCHEME
No. 1/97.

Notice is hereby given, in terms of Regulation No. 15, promulgated under the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, No. 11 of 1931, as amended, that the City Council of Pretoria intends to amend the Pretoria Town-planning Scheme No. 1 of 1944, by adopting the proposals contained in draft amending Town-planning Scheme No. 1/97.

The above draft scheme provides for the amendment of the original Map as shown on Map No. 3, Scheme No. 1/97, by the rezoning of the remainder of Portion A of Erf No. 250, Mayville, situate on Secull Avenue, from "Special Residential" to "General Business".

The draft scheme and Map No. 1 will be open for inspection at the office of the Director of Town-planning and Architecture, Room No. 416, Van der Stel Buildings,

Pretorius Street, and at Room No. 33, New City Hall, Paul Kruger Street, Pretoria, for a period of six weeks from the 6th October, 1965, during the normal office hours.

Any objections or representations with regard thereto should be submitted, in writing, to the Town Clerk, P.O. Box 440, Pretoria, on or before Wednesday, 17th November, 1965.

HILMAR RODE,
Town Clerk.

1st October, 1965.

(Notice No. 316/1965.)

STADSRAAD VAN PRETORIA.

KONSEP-DORPSAANLEGSKEMA
No. 1/97.

Ooreenkomstig Regulasie No. 15, uitgevaardig ingevolge die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, No. 11 van 1931, soos gewysig, word hiermee kennis gegee dat die Stadsraad van Pretoria van voorneme is om die Pretoria-dorpsaanleg-skema No. 1 van 1944, te wysig deur die voorstelle wat in konsep wysigende Dorpsaanleg-skema No. 1/97 vervat is, te aanvaar.

Die bogenoemde konsep-skema maak voorsiening vir die wysiging van die oorspronklike Kaart soos aangeleë op Kaart No. 3, Skema No. 1/97, deur die herbestemming van die restant van Gedeelte A van erf No. 250, Mayville, geleë aan Secull-laan, van „Spesiale Woon” na „Algemene Besigheid”.

Die Konsep-skema en Kaart No. 1 sal vir 'n tydperk van ses weke vanaf 6 Oktober 1965, gedurende die gewone diensure in die kantoor van die Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur, Kamer No. 416, Van der Stelgebou, Pretoriusstraat, en te Kamer No. 33, Stadhuis, Paul Krugerstraat, Pretoria, ter insae lê.

Enige besware of vertoë desbetreffend moet skriftelik voor of op Woensdag, 17 November 1965, by die Stadsklerk, Posbus 440, Pretoria, ingedien wees.

HILMAR RODE,
Stadsklerk.

1 Oktober 1965.

(Kennisgewing No. 316 van 1965.)

863—6-13-20

EDENVALE TOWN COUNCIL.

AMENDMENT OF VACUUM TANK
BY-LAWS.

Notice is hereby given, in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that the Town Council of Edenvale proposes to amend its Vacuum Tank By-laws by reducing all the existing fees payable for services rendered to vacuum tanks with the exception of the fees payable in respect of private dwellings.

Copies of the proposed amendments are open for inspection at the Council's Offices, during normal office hours for a period of 21 days from date of publication hereof.

C. J. VERMEULEN,
Clerk of the Council.

Municipal Offices,
Edenvale, 29th September, 1965.

(Notice No. 1872/529/1965.)

EDENVALE STADSRAAD.

WYSIGING VAN VERORDENINGE OP
VAKUUMTENKS.

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van voorneme is om sy Verordeninge te wysig deur alle bestaande fooie betaalbaar ten opsigte van dienste wat verskaf word aan vakuumentks uitgesonder die vir private wonings te verminder.

Afskrifte van die wysigings lê ter insae by die Raad se kantore, gedurende gewone kantoorure, vir 'n tydperk van 21 dae met ingang van publikasie hiervan.

C. J. VERMEULEN,
Klerk van die Raad.

Munisipale Kantore,
Edenvale, 29 September 1965.

(Kennisgewing No. 1872/529/1965.)

865—6

CITY COUNCIL OF PRETORIA.

DRAFT TOWN-PLANNING SCHEME No. 1/103.

Notice is hereby given in terms of Regulation No. 15, promulgated under the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance (No. 11 of 1931), as amended, that the City Council of Pretoria intends to amend the Pretoria Town-planning Scheme No. 1 of 1944, by adopting the proposals contained in draft amending Town-planning Scheme No. 1/103.

The above draft scheme provides for the amendment of the original Map as shown on Map No. 3, Scheme No. 1/103, by the rezoning of Erven Nos. 8, 9 and 11, Brooklyn, situate on the corner of Brooks and Roper Streets, from "Special Residential" to "Special" to permit the erection thereon of a hospital and doctors' consulting rooms subject to the conditions as set out on Annexure "B" Plan No. 328.

The draft scheme and Map No. 1 will be open for inspection at the office of the Director of Town-planning and Architecture, Room No. 416, Van der Stel Buildings, Pretorius Street, and at Room No. 33, New City Hall, Paul Kruger Street, Pretoria, for a period of six weeks from the 29th September, 1965, during the normal office hours.

Any objections or representations with regard thereto should be submitted in writing to the Town Clerk, P.O. Box 440, Pretoria, on or before Wednesday, 10th November, 1965.

HILMAR RODE,
Town Clerk.

20th September, 1965.

(Notice No. 303/1965.)

STADSRAAD VAN PRETORIA.

KONSEP-DORPSAANLEGSKEMA No. 1/103.

Ooreenkomstig Regulasie No. 15 uitgevaardig ingevolge die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie (No. 11 van 1931), soos gewysig, word hiermee kennis gegee dat die Stadsraad van Pretoria van voorneme is om die Pretoria-dorpsaanlegskema No. 1 van 1944, te wysig deur die voorstelle wat in konsep wysigende Dorpsaanlegskema No. 1/103 vervat is, te aanvaar.

Die bogemelde konsepkema maak voorsiening vir die wysiging van die oorspronklike Kaart soos aangetoon op Kaart No. 3, Skema No. 1/103, deur die herbepemming van Erve Nos. 8, 9 en 11, Brooklyn, geleë op die hoek van Roper- en Brookstraat, van „Spesiale Woon“ na „Spesiaal“ ten einde die oprigting van 'n hospitaal en spreekkamers vir dokters daarop toe te laat onderworpe aan die voorwaardes soos uiteengesit op Bylae „B“ Plan No. 328.

Die Konsepkema en Kaart No. 1 sal vir 'n tydperk van ses weke vanaf 29 September 1965 gedurende die gewone diensure in die kantoor van die Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur, Kamer No. 416, Van der Stelgebou, Pretoriusstraat, en te Kamer No. 33, Stadhuis, Paul Krugerstraat, Pretoria, ter insae lê.

Enige besware of verhoë desbetreffend moet skriftelik voor of op Woensdag, 10 November 1965, by die Stadsklerk, Posbus 440, Pretoria, ingedien wees.

HILMAR RODE,
Stadsklerk.

20 September 1965.

(Kennissgewing No. 303/1965.) 834—29-6-13

CITY OF JOHANNESBURG.

PROPOSED AMENDMENT TO JOHANNESBURG TOWN-PLANNING SCHEME No. 1 (AMENDING SCHEME No. 1/209).

(Notice in terms of Section 35 of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931.)

Because it has been so directed, the City Council of Johannesburg proposes to amend its Town-planning Scheme No. 1 by

rezoning Stands Nos. 124 and 125, Dunkeld West, being 14 North Road and 11 Bompas Road to the west of Jan Smuts Avenue, from "Special Residential" to "General Business" to permit the extension of shops, subject to certain conditions.

Particulars of this amendment are open for inspection at Room No. 423, Municipal Offices, Johannesburg, for a period of six weeks from the undermentioned date. Every occupier or owner of immovable property situate within the area to which the scheme applies, has the right to object to the amendment and may inform the Clerk of the Council, in writing, of such objection and the grounds thereof at any time during the six weeks the particulars are open for inspection.

S. D. MARSHALL,
Acting Clerk of the Council.

Municipal Offices,
Johannesburg, 29th September, 1965.

STAD JOHANNESBURG.

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE JOHANNESBURGSE DORPSAANLEGSKEMA No. 1 (WYSIGING-SKEMA No. 1/209).

(Kennissgewing ingevolge die bepalings van Artikel 35 van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931.)

Die Stadsraad van Johannesburg moet in opdrag van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, sy Dorpsaanlegskema No. 1 wysig deur die indeling van Standplase Nos. 124 en 125, Dunkeld-Wes, naamlik Northweg 14 en Bompasweg 11, aan die westekant van Jan Smutslaan, van „spesiale woondoeleindes“ na „algemene besigheidsdoeleindes“ te verander, sodat daar op sekere voorwaardes nog winkels aangebou kan word.

Besonderhede van hierdie wysiging lê ses weke lank met ingang van ondergenoemde datum in Kamer No. 423, Stadhuis, Johannesburg, ter insae. Alle bewoners of eienaars van vaste eiendom wat geleë is binne die gebied waarop die Skema van toepassing is, kan teen die wysiging beswaar opper en moet die Klerk van die Raad te eniger tyd gedurende die ses weke waartydens die besonderhede ter insae lê, skriftelik van hulle beswaar en die redes daarvoor verwittig.

S. D. MARSHALL,
Waarnemende Klerk van die Raad.

Stadhuis,
Johannesburg, 29 September 1965.
836—29-6-13

CITY OF JOHANNESBURG.

PROPOSED AMENDMENT TO JOHANNESBURG TOWN-PLANNING SCHEME No. 1 (AMENDING SCHEME No. 1/210).

(Notice in terms of Section 35 of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931.)

Because it has been so directed, the City Council of Johannesburg proposes to amend its Town-planning Scheme No. 1, by rezoning Stand No. 20, Raedene, being 7/9, Durham Street, between Hathorn Avenue and Michael Street, from "Special Residential" to "General Business", subject to certain conditions.

Particulars of this amendment are open for inspection at Room No. 423, Municipal Offices, Johannesburg, for a period of six weeks from the undermentioned date. Every occupier or owner of immovable property situate within the area to which the scheme applies, has the right to object to the amendment and may inform the Clerk of the Council, in writing, of such objection and the grounds thereof at any time during the six weeks the particulars are open for inspection.

S. D. MARSHALL,
Acting Clerk of the Council.

Municipal Offices,
Johannesburg, 29th September, 1965.

STAD JOHANNESBURG.

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE JOHANNESBURGSE DORPSAANLEGSKEMA No. 1 (WYSIGING-SKEMA No. 1/210).

(Kennissgewing ingevolge die bepalings van Artikel 35 van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931.)

Die Stadsraad van Johannesburg moet in opdrag van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, sy Dorpsaanlegskema No. 1 wysig deur die indeling van Standplaa No. 20, Raedene, naamlik Durhamstraat 7/9, tussen Hathornlaan en Michaelstraat, op sekere voorwaardes van „spesiale woondoeleindes“ na „algemene besigheidsdoeleindes“, te verander.

Besonderhede van hierdie wysiging lê ses weke lank met ingang van ondergenoemde datum in Kamer No. 423, Stadhuis, Johannesburg, ter insae. Alle bewoners of eienaars van vaste eiendom wat geleë is binne die gebied waarop die Skema van toepassing is, kan teen die wysiging beswaar opper en moet die Klerk van die Raad te eniger tyd gedurende die ses weke waartydens die besonderhede ter insae lê, skriftelik van hulle beswaar en die redes daarvoor verwittig.

S. D. MARSHALL,
Waarnemende Klerk van die Raad.

Stadhuis,
Johannesburg, 29 September 1965.
837—29-6-13

KOSTER MUNICIPALITY.

ALIENATION OF LAND.

Notice is hereby given in terms of Section 79 (18) of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, that it is the intention of the Council, subject to the approval of the Administrator—

to lease a portion of the town lands known as the showgrounds, in extent approximately 6 morgen, to the Derby District Agricultural Union, for a period of 9 years and 1 month.

The conditions of the lease may be inspected at the office of the Town Clerk, during the ordinary office hours.

Objections against the intention of the Council, must be lodged, in writing, with the undersigned by not later than 12 noon, on Friday, 29th October, 1965.

P. W. VAN DER WALT,
Town Clerk.

Municipal Office,
Koster, 15th September, 1965.
(Notice No. 34/1965.)

MUNISIPALITEIT KOSTER.

VERVREEMDING VAN GROND.

Kennissgewing geskied hiermee ooreenkomstig die bepalings van Artikel 79 (18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, dat, onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur, die Raad van voorneme is—

om 'n gedeelte van die dorpsgronde bekend as die tentoonstellingsterrein, groot ongeveer 6 morg, te verhuur aan die Derby Distrikslandbou-Unie, vir 'n tydperk van 9 jaar en 11 maande.

Die voorwaardes van die huurooreenkoms lê ter insae by die kantoor van die Stadsklerk, gedurende die gewone kantoorure.

Skriftelike besware teen die voorneme van die Raad moet by die ondergetekende ingedien word nie later dan 12-uur middag op Vrydag, 29 Oktober 1965, nie.

P. W. VAN DER WALT,
Stadsklerk.

Munisipale Kantoor,
Koster, 15 September 1965.
(Kennissgewing No. 34/1965.)

840—29-6-13

CITY COUNCIL OF PRETORIA.

DRAFT TOWN-PLANNING SCHEME
No. 1/99.

Notice is hereby given in terms of Regulation No. 15, promulgated under the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance (No. 11 of 1931), as amended, that the City Council of Pretoria intends to amend the Pretoria Town-planning Scheme No. 1 of 1944, by adopting the proposals contained in draft amending Town-planning Scheme No. 1/99.

The above draft scheme provides for the amendment of the original map as shown on Map No. 3, Scheme No. 1/99, by the substitution of Annexure "B" Plan No. 324 for Plan No. 209 which shows details of the rights permitted on Portion A of Erf No. 85, Rietfontein, in terms of amending Town-planning Scheme No. 1/6.

The new plan shows an increase in the permissible height of the building on the site from two to three storeys thus conforming with the existing building of three storeys and allowing the development of the ground floor for business purposes as permitted in terms of the aforementioned Town-planning Scheme No. 1/6.

The draft scheme and Map No. 1 will be open for inspection at the office of the Director of Town-planning and Architecture, Room No. 416, Van der Stel Buildings, Pretorius Street, and at Room No. 33, New City Hall, Paul Kruger Street, Pretoria, for a period of six weeks from the 22nd September, 1965, during the normal office hours.

Any objections or representations with regard thereto should be submitted in writing to the Town Clerk, P.O. Box 440, Pretoria, on or before Wednesday, 3rd November, 1965.

HILMAR RODE,
Town Clerk.

17th September, 1965.
(Notice No. 301/1965.)

STADSRAAD VAN PRETORIA.

KONSEP-DORPSAANLEGSKEMA
No. 1/99.

Ooreenkomstig Regulasie No. 15 uitgevaardig ingevolge die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie (No. 11 van 1931), soos gewysig, word hiermee kennis gegee dat die Stadsraad van Pretoria van voorneme is om die Pretoria-dorpsaanleg-skema No. 1 van 1944 te wysig deur die voorstelle wat in konsep wysigende Dorpsaanlegskema No. 1/99 vervat is, te aanvaar.

Die bogemelde konsep-skema maak voorsiening vir die wysiging van die oorspronklike Kaart soos aangetoon op Kaart No. 3, Skema No. 1/99, deur Bylae „B" Plan No. 209, wat besonderhede van die regte wat ingevolge wysigende Dorpsaanlegskema No. 1/6 op Gedeelte A van Erf No. 85, Rietfontein, toegelaat is, vervat, met Plan No. 324 te vervang.

Die nuwe plan toon 'n vermeerdering van die toelaatbare hoogte van die gebou op die perseel van twee na drie verdiepings, wat die gebou in ooreenstemming sal bring met die bestaande drierdverdiepinggebou en die ontwikkeling van die grondverdieping vir besigheidsdoeleindes soos veroorloof ingevolge die voormelde Dorpsaanlegskema No. 1/6, sal toelaat.

Die Konsep-skema en Kaart No. 1 sal vir 'n tydperk van ses weke vanaf 22 September 1965 gedurende die gewone diensure in die kantoor van die Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur, Kamer No. 416, Van der Stelgebou, Pretoriusstraat, en te Kamer No. 33, Stadhuis, Paul Krugerstraat, Pretoria, ter insae lê.

Enige besware of vertoë desbetreffend moet skriftelik voor of op Woensdag, 3 November 1965 by die Stadsklere, Posbus 440, Pretoria, ingedien wees.

HILMAR RODE,
Stadsklere.

17 September 1965.
(Kennisgewing No. 301/1965.)

827—22-29-6

17th September, 1965.

TOWN COUNCIL OF ALBERTON.

PROCLAMATION OF THE PROPOSED
EXTENSION OF PENZANCE
STREET, NEW REDRUTH, ALBERTON,
AS A PUBLIC ROAD.

Notice is hereby given in accordance with the provisions of Section 5 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904, as amended, that the Town Council of Alberton has lodged a petition with the Honourable the Administrator for the proclamation of the proposed extension of Penzance Street, New Redruth, Alberton, measuring 6,620 square feet, as indicated more fully on surveyor's plan L.G. 187/64, dated 14th April, 1964, as a public road.

A copy of the petition aforementioned together with the said plan may be inspected at the office of the Clerk of the Council during normal hours.

Any person who has any objection to such proclamation, or who may have any claim for compensation if such proclamation is carried out, must lodge his objection or claim, as the case may be, in writing, in duplicate, with the Town Clerk, Municipal Offices, Alberton, and the Director of Local Government, Pretoria, within one month after the last publication of this advertisement, viz. not later than Friday, 19th November, 1965.

A. G. LÖTTER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Alberton, 14th September, 1965.
(Notice No. 71/1965.)

STADSRAAD VAN ALBERTON.

PROKLAMASIE VAN VOORGESTELDE
VERLENGING VAN PENZANCE-
STRAAT, NEW REDRUTH, ALBERTON,
AS PUBLIEKE PAD.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van Artikel 5 van die „Local Authorities Roads Ordinance, 1904", soos gewysig, bekendgemaak dat die Stadsraad van Alberton, 'n versoekskrif by Sy Edele die Administrateur ingedien het vir die proklamasie van die voorgestelde verlenging van Penzancestraat, New Redruth, Alberton, groot 6,620 vierkante voet, soos meer volledig aangetoon op Landmeterskaart No. L.G. 187/64, gedateer 14 April 1964, as publieke pad.

'n Afskrif van die versoekskrif hierbo vermeld tesame met 'n afskrif van voormelde landmeterskaart lê gedurende gewone kantoorure in die Kantoor van die Klerk van die Raad ter insae.

Enigiemand wat beswaar wil opper teen die voorgename proklamasie of wat moontlik skadevergoeding sal wil eis, al na gelang van die geval, indien die voorgename proklamasie plaasvind, moet sodanige beswaar of eis skriftelik in tweevoud by die Stadsklere, Munisipale Kantoor, Alberton, en die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria, indien binne een maand na die laaste publikasie, dit wil sê, nie later nie as Vrydag, 19 November 1965.

A. G. LÖTTER,
Stadsklere.

Munisipale Kantoor,
Alberton, 14 September 1965.
(Kennisgewing No. 71/1965.) 841—29-6-13

TOWN COUNCIL OF PIET RETIEF.

INTERIM VALUATION ROLLS
1964/65, 1965/66.

(Municipal Notice No. 44/1965, in terms of Section 14 of Ordinance No. 20 of 1933.)

The above-mentioned rolls have been completed and certified and will become fixed and binding on all parties concerned, who shall not within one month from date of first publication hereof, appeal from the decision of the Valuation Court in the manner prescribed in Section 15 of the Ordinance.

C. H. HANSEN,
President.

STADSRAAD VAN PIET RETIEF.

TUSSENTYDSE WAARDERINGSLYSTE
1964/65, 1965/66.

(Munisipalekennisgewing No. 44/1965, in terme van Artikel 14 van Ordonnansie No. 20 van 1933.)

Bogenoemde waarderinglyste is voltooi en gesertifiseer en sal bindend wees op alle belanghebbende persone wat nie binne een maand vanaf datum van publikasie hiervan, teen die beslissing van die Waarderingshof appelleer soos voorgeskryf in Artikel 15 van die Ordonnansie nie.

C. H. HANSEN,
President.

17 September 1965.

851—29-6

TOWN COUNCIL OF LICHTENBURG.

INTERIM VALUATION ROLL, 1965.

Notice is hereby given in terms of Section 14 of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, as amended, that the Interim Valuation Roll for 1965, of all property situate in the municipal area of Lichtenburg has been completed.

This Roll will become fixed and binding upon all parties concerned who shall not within one month from the date of the first publication of this notice (29th September, 1965) appeal against the decision of the Valuation Court in the manner prescribed in the said Ordinance.

By Order of the President of the Valuation Court.

W. J. ERASMUS,
Clerk of the Valuation Court.

Municipal Offices,
Lichtenburg, 20th September, 1965.
(Notice No. 39/1965.)

STADSRAAD VAN LICHTENBURG.

TUSSENTYDSE WAARDASIELYS, 1965.

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 14 van die Plaaslike - Bestuur - Belastingordonnansie, No. 20 van 1933, soos gewysig, dat die Tussentydse Waardasielys vir 1965 van alle belasbare eiendom in die munisipale gebied van Lichtenburg voltooi is.

Die Tussentydse Waardasielys is nou bindend op alle belanghebbende persone wat nie binne een maand vanaf datum van eerste publikasie (29 September 1965) van voornoemde kennisgewing teen die beslissing van die Waardasihof appelleer nie, op die wyse soos in die Ordonnansie voorgeskryf word.

Op las van die President van die Waardasihof.

W. J. ERASMUS,
Klerk van die Waardasihof.

Munisipale Kantoor,
Lichtenburg, 20 September 1965.

(Kennisgewing No. 39/1965.) 849—29-6

PHALABORWA HEALTH
COMMITTEE.

INTERIM VALUATION ROLL.

SITTING OF VALUATION COURT.

Notice is hereby given in terms of the provisions of Section 13 (8) of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, as amended, that the Valuation Court appointed to consider objections against the entries in the Provisional Valuation Roll, to make such alterations and amendments as may be deemed necessary, and thereafter to certify the Valuation Roll, will have its First Sitting in the Offices of the Health Committee, Phalaborwa, at 12 noon on Wednesday, 20th October, 1965.

N. J. VAN DER WESTHUIZEN,
Clerk of the Valuation Court.
P.O. Box 67,
Phalaborwa.

GESONDHEIDSKOMITEE VAN PHALABORWA.

TUSSENTYDSE WAARDERINGSGLYS.

SITTING VAN WAARDASIEHOF.

Kennis word hiermee gegee ingevolge die bepalings van Artikel 13 (8) van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, No. 20 van 1933, soos gewysig, dat die Waarderingshof wat aangestel is om besware teen die inskrywings in die Voorlopige Waardasielys aan te hoor, sodanige veranderings of wysigings aan te bring as wat nodig geag word en die Waardasierol daarna te sertifiseer, sy Eerste Sitting sal hê in die kantore van die Gesondheidskomitee, Phalaborwa, om 12-uur middag, op Woensdag, 20 Oktober 1965.

N. J. VAN DER WESTHUIZEN,
Klerk van die Waarderingshof.

Posbus 67,
Phalaborwa.

856-6

CITY OF GERMISTON.

NOTICE OF RATE.

Notice is hereby given that the following rates on the valuation of rateable property within the Municipality as appearing in the Valuation Roll in force at the time being have been imposed by the City Council of Germiston in terms of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, as amended, to cover the period herein mentioned, and that the said rates become due and payable on the date as stated hereunder:—

- (i) An original rate of 1 cent in the rand on the site value of all land appearing in the Valuation Roll for the period 1st July, 1965, to 31st December, 1965.
- (ii) An additional rate of 1½ cents in the rand on the site value of all land appearing in the Valuation Roll for the period 1st July, 1965, to 31st December, 1965.
- (iii) An additional rate of 66½ per cent of 1½ cents in the rand on the value of improvements referred to in Section 21 of Ordinance No. 20 of 1933, as amended, situate on land held under Mining Title (not in a lawfully established township), used for residential purposes, or purposes not incidental to mining operations by persons or companies engaged in mining operations, whether such persons or companies are the holders of the mining title or not, for the period 1st July, 1965, to 31st December, 1965.
- (iv) An extra additional rate of 1½ cents in the rand on the site value of land or interest in land held by any power undertaking (as defined in Section 4 of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, (as amended), and as specified in Section 20 of the said Ordinance, for the period, 1st July, 1965, to 31st December 1965.
- (v) A rate of 1/10 cent in the rand on the value of all improvements within the Municipality as appearing in the Valuation Roll, for the period 1st July, 1965, to 31st December, 1965.

The above rates are due and payable on Monday, the 8th November, 1965.

In any case where the rates imposed are not paid on the due date, interest will be charged at the rate of 7 per cent per annum, in terms of Section 25 (3) of Ordinance No. 20 of 1933, as amended.

P. J. BOSHOFF,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Germiston, 6th October, 1965.

(No. 193/1965.)

STAD GERMISTON.

BELASTING KENNISGEWING.

Hiermee word kennis gegee dat newens vermelde belasting op die waardasie van belasbare eiendom binne die Munisipaliteit geleë en soos in die Waardasielys aangeleë, ingevolge die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, No. 20 van 1933, soos gewysig, deur die Stadsraad van Germiston ten opsigte van vermelde tydperk opgelê is en dat bedoelde belasting op ondervermelde datum verskuldig en betaalbaar is:—

- (i) 'n Oorspronklike belasting van 1 sent in die rand op die terreinwaarde van alle grond binne die Munisipaliteit soos dit verskyn in die Waardasielys vir die tydperk 1 Julie 1965 tot 31 Desember 1965.
- (ii) 'n Bykomende belasting van 1½ sent in die rand op die terreinwaarde van alle grond binne die Munisipaliteit soos dit verskyn in die Waardasielys, vir die tydperk 1 Julie 1965 tot 31 Desember 1965.
- (iii) 'n Bykomstige belasting van 66½ per sent van 1½ sent in die rand op die waarde van verbeterings waarna in Artikel 21 van Ordonnansie No. 20 van 1933, soos gewysig, verwys word, geleë op grond ingevolge mynpag (nie grond in 'n wettige gestigte dorp nie) gehou en vir woondoeleindes of doeleindes nie soortgelyk aan mynwerkzaamhede deur persone of maatskappy aan mynwerkzaamhede verbonde nie, gebruik; vir die tydperk 1 Julie 1965 tot 31 Desember 1965.
- (iv) 'n Ekstra bykomende belasting van 1½ sent in die rand op die terreinwaarde van grond of belange in grond in besit van enige kragonderneming (soos omskryf in Artikel 4 van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, No. 20 van 1933, soos gewysig), en soos in Artikel 20 van vermelde Ordonnansie gespesifiseer, vir die tydperk 1 Julie 1965 tot 31 Desember 1965.
- (v) 'n Belasting van 1/10 sent in die rand op die waarde van alle verbeterings binne die Munisipaliteit soos dit verskyn in die Waardasielys, vir die tydperk 1 Julie 1965 tot 31 Desember 1965.

Bovermelde belasting is op Maandag, 8 November 1965 verskuldig en betaalbaar.

In enige geval waar die opgelegde belasting nie op die betaaldatum vereffen is nie, sal rente teen die koers van 7 persent per jaar kragtens Artikel 25 (3) van Ordonnansie No. 20 van 1933, soos gewysig, aangeleë word.

P. J. BOSHOFF,
Stadsklerk.

Stadskantore,
Germiston, 6 Oktober 1965.

(No. 193/1965.)

864-6

MUNICIPALITY OF WOLMARANSSTAD.—AMENDMENT OF LEAVE REGULATIONS.

Notice is hereby given, in terms of the provisions of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, that the Town Council of Wolmaransstad proposes to amend its Leave Regulations.

A copy of the proposed amendment will be open for inspection at the office of the undersigned for a period of 21 days from date of publication hereof.

J. A. BOUWER,
Town Clerk.

Wolmaransstad, 27th September, 1965.

MUNISIPALITEIT WOLMARANSSTAD.—WYSIGING VAN VERLOFREGULASIES.

Kennis word hiermee gegee, ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Wolmaransstad voornemens is om sy verlofregulasies te wysig.

'n Afskrif van die voorgestelde wysiging sal gedurende kantoorure by die kantoor van die ondergetekende ter insae wees vir 'n tydperk van 21 dae gereken vanaf datum van publikasie hiervan.

J. A. BOUWER,
Stadsklerk.

Wolmaransstad, 27 September 1965.

858-6

CITY OF JOHANNESBURG.

PROPOSED AMENDMENT TO JOHANNESBURG TOWN - PLANNING SCHEME No. 1 (AMENDING SCHEME No. 1/212).

(Notice in terms of Section 35 of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931.)

Because it has been so directed, the City Council of Johannesburg proposes to amend its Town-planning Scheme No. 1 by rezoning Portion 2 and the remaining extent of Stand No. 58, Abbotsford, being 2/4 Athol-Oaklands Road on the south-west corner of First Street, from "Special Residential" to "General Residential" to permit the erection of duplex flats, subject to certain conditions.

Particulars of this amendment are open for inspection at Room No. 423, Municipal Offices, Johannesburg, for a period of six weeks from the undermentioned date. Every occupier or owner of immovable property situate within the area to which the scheme applies, has the right to object to the amendment and may inform the Clerk of the Council, in writing, of such objection and the grounds thereof at any time during the six weeks the particulars are open for inspection.

S. D. MARSHALL,
Acting Clerk of the Council.

Municipal Offices,
Johannesburg, 6th October, 1965.

STAD JOHANNESBURG.

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE JOHANNESBURGSE DORPSAANLEGSKEMA No. 1 (WYSIGING-SKEMA No. 1/212).

(Kennisgewing ingevolge die bepalings van Artikel 35 van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931.)

Die Stadsraad van Johannesburg moet in opdrag van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, sy Dorpsaanlegskema No. 1 wysig deur die indeling van Gedeelte 2 en die resterende gedeelte van Standplaas No. 58, Abbotsford, naamlik Athol-Oaklandsweg 2/4, op die suidwestelike hoek van Eerste Straat, van „spesiale woondoeleindes” na „algemene woondoeleindes” te verander sodat daar op sekere voorwaardes duplexwoonstelle opgerig kan word.

Besonderhede van hierdie wysiging lê ses weke lank met ingang van ondergenoemde datum in Kamer No. 423, Stadhuys, Johannesburg, ter insae. Alle bewoners of eienaars van vaste eiendom wat geleë is binne die gebied waarop die Skema van toepassing is, kan teen die wysiging beswaar opper en moet die Klerk van die Raad te eniger tyd gedurende die ses weke waartydens die besonderhede ter insae lê, skriftelik van sy beswaar en die redes daarvoor verwitig.

S. D. MARSHALL,
Waarnemende Klerk van die Raad.

Stadhuys,
Johannesburg, 6 Oktober 1965.

857-6

PERI-URBAN AREAS HEALTH BOARD.

BY-LAWS FOR THE PREVENTION AND EXTINCTION OF FIRES.

It is hereby notified, in terms of the provisions of Section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that it is the Board's intention to amend the above-mentioned by-laws in order to make it clear that the by-laws are not applicable to bona fide farmers.

A copy of the proposed amendment will lie for inspection at the Board's Head Office, 320 Bosman Street, Pretoria, and at its Branch Office, Armadale House, Bree Street, Johannesburg, for a period of 21 days from date hereof during which period objections, in writing, thereto may be lodged with the undersigned.

H. B. PHILLIPS,
Secretary.

P.O. Box 1341,
Pretoria.

(Notice No. 188/1965.)

GESONDHEIDSRAAD VIR BUITE- STEDELIKE GEBIEDE.

VERORDENINGE VIR DIE VOOR- KOMING EN BLUS VAN BRANDE.

Dit word bekendgemaak, ingevolge die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Raad van voorneme is om bogenoemde verordeninge te wysig ten einde dit duidelik te stel dat die verordeninge nie op *bona fide* boere van toepassing is nie.

'n Afskrif van die voorgestelde wysiging lê ter insae by die Raad se Hoofkantoor, Bosmanstraat 320, Pretoria, en by die Raad se takkantoor, Armadalegebou, Breestraat, Johannesburg, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum hiervan gedurende welke tydperk skriftelike besware daarteen by die ondergetekende ingedien kan word.

H. B. PHILLIPS,
Sekretaris.

Posbus 1341,
Pretoria.

(Kennissgewing No. 188/1965.)

861—6

CITY COUNCIL OF PRETORIA.

DRAFT TOWN-PLANNING SCHEME No. 1/91.

